

## **Gereformeerde Kerk Bellville – 14 Mei 2017 – Aand**

**Sing vooraf staande:** Psalm 69:2, 4 (p. 342)

- 2 Meer as die som wat ek kan tel, / en meer as my geringe krag,  
vermeerder hul in tal en mag / wat my, onskuldig, neer wil vel.  
Hul laat my sonder oorsaak boet. / Dit jaag en storm deur my gemoed!
- 4 Ook my geslag verwerp my, want / 'n ywer vir u huis en eer –  
dit het my soos 'n vuur verteer / en in my soos 'n vlam gebrand;  
smaadwoorde sonder maat of tal / het, Heer, om U op my geval.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 98:1, 3 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;  
sy regterhand, vol sterkte<sup>o</sup> en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.  
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;  
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale<sup>o</sup> oor berg en veld.
- 3 Laat by die psalm, in vreug gebore, / jul harp en stem Hom loof en dank;  
laat opklink deur jul tempelkore / trompette en basuingeklank!  
Laat vreug die HEER se huis deurbewe, / want groot is Isr'els Vors en HEER;  
die see en alles wat daar lewe, / die ganse wêreld moet Hom eer!

Gebed

Skrifberyming 5-2:3, 4 (Sb 7)

- 3 Hy het die lyde<sup>o</sup> op Hom geneem, / wat nou ons hart van Hom vervreem;  
en al die smarte wat ons pla, / het Hy gewilliglik gedra.  
Maar ons het in sy ongeluk / gesien die hand van God wat druk,  
wat, om sy lyde te verskerp, / Hom altyd dieper neer wou werp.
- 4 Die misstap wat ons voet begaan, / die misdaad deur ons hand gedaan,  
die straf uit swaarste regsgeding, / wat ons die volle vrede bring,  
die wonde wat ons wonde heel – / dit alles was sy lydensdeel.  
Ja, al die kwaad deur ons gedaan, / het God die HEER oor Hom laat gaan.

**Skriflesing:** Jesaja 52:13-53:12; Heidelbergse Kategismus, Sondag 15:37

**Kernvers:** Jesaja 53:3-5

**Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte – dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.**  
(Jesaja 53:3-5 AFR53)

**Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 37: Wat verstaan jy onder die woordjie: gely?**

*Antwoord: Dat Christus na liggaam en siel tydens sy hele lewe op aarde, maar veral aan die einde daarvan, die toorn van God teen die sonde van die hele menslike geslag gedra*

het (a). So het Hy met sy lyding as die enigste versoeningsoffer (b) ons liggaam en siel van die ewige verdoemenis verlos (c) en ons die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe verwerf (d).

(a) Jes 53:4; 1 Pet 2:24; 3:18; 1 Tim 2:6. (b) Jes 53:10; Efes 5:2; 1 Kor 5:7; 1 Joh 2:2; Rom 3:25; Heb 9:28; 10:14. (c) Gal 3:13; Kol 1:13; Heb 9:12; 1 Pet 1:18, 19. (d) Rom 3:25; 2 Kor 5:21; Joh 3:16; 6:51; Heb 9:15; 10:19.

### **Tema:** Die lyding van Christus in gelowiges se plek

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, dit gebeur dikwels dat wanneer 'n mens 'n baie bekende Skrifgedeelte vir 'n slag weer biddend deurlees dat 'n mens in daardie Skrifgedeelte dinge begin raaksien wat vir jou nuut lyk. Net omdat 'n mens met meer aandag lees, sien jy die diepte van die openbaring raak. Die openbaring is dan so ryk dat dit vir jou voel asof jy vir die eerste keer regtig verstaan wat die Here aan jou openbaar.

Die vraag wat die vraagsteller vanaand aan die gelowige vra, doen iets soortgelyk aan 'n mens. Gelowiges bely Sondag na Sondag dat Christus gely het. Die woordjie word vinnig gesê en ons dink ons begryp wat die woord *ly* beteken. Maar let op dat die vraagsteller nie vra wat die woordjie *gely* beteken nie. Hy vra die gelowige op die man af: **Wat verstaan jy onder die woordjie: gely?**

Vir iemand wat nie die vorige gesprekke tussen die ongelowige vraagsteller en die gelowige gehoor het nie, sal hierdie vraag nie geheel en al duidelik wees nie. Die vraagsteller is besig om die gelowige uit te vra oor wat hy in die Twaalf Artikels bely. Verlede Sondag het hy die gelowige uitgevra oor die geboorte van Jesus. Vanaand wil hy weet wat die gelowige bedoel wanneer hy bely dat Christus gely het.

Broers, susters en kinders, agter die vraagsteller se vraag is daar amper iets van 'n ongeërgdheid oor die lyding van Christus. Dit wil klink asof hy te kenne wil gee dat die gelowige hom niks van lyding kan vertel nie. Oral in die wêreld rondom hom sien hy daagliks swaarkry en lyding van alle soorte. Daar is mense wat honger ly, kinders wat mishandel word. Mense wat op die wreedaardigste maniere gemartel word voordat hulle uiteindelik om die lewe gebring word. Dan het hy nog nie eers gepraat van al die verbale mishandeling wat sommige mense ondergaan nie of van die lyding wat so baie mense maar net in stilte verduur omdat niemand iets daaraan kan doen nie.

Met hierdie ongeërgdheid oor die lyding van Christus wil die vraagsteller te kenne gee dat Christus se lyding tog seker nie so uitsonderlik kan wees nie. As 'n mens gaan vergelyk wat met Jesus gebeur het – Hy is gespot, geslaan, gespoeg en gekruisig – dan is dit nie baie anders as wat met baie ander mense in die lewe gebeur nie. Daar is mense wat soortgelyke of selfs erger fisiese lyding al beleef het. Op die oog af beskou, is daar seker baie ander mense wat fisies erger lyding beleef as wat Christus beleef het. Maar dit is hier wat die gelowige sy vraagsteller weer mooi moet laat verstaan wie Jesus werklik is. Dit lyk asof die vraagsteller in sy moedswilligheid soms vergeet wat hy reeds uit die evangelie gehoor het.

Jesus is nie maar net nog 'n mens wat soos baie ander mense gely het nie. Hy is nie een van baie lyers nie. Hy is die enigste een wat kon ly wat Hy gely het. Daarom herinner die gelowige sy vraagsteller aan twee gesprekke wat hulle nou al gehad het. Onthou dat Jesus die eniggebore Seun van God is. Hy is nie sommer net nog 'n mens nie. Jesus is waarlik God wat mens geword het. Ja, inderdaad, Jesus is soos elke ander mens uit 'n vrou gebore, maar Maria se swangerskap het anders gebeur as wat alle ander vroue swanger word. Die Heilige Gees het die lewe van die Mens Jesus in Maria gewek. Die Seun van God het Homself verneder deur binne-in Maria in te gaan en uit haar die vlees en bloed van 'n ware mens aangeneem.

As die Seun van God is daar niks gebrekkigs aan Jesus Christus nie. Hy is heilig, volmaak en sonder sonde. Hy is die Lam van God en daarom sonder enige liggaamsgebrek. Vir

ons mense is dit geheel en al onmoontlik om onself in te dink hoe dit is om sondeloos en volkome heilig te wees. Daarom is dit vir die ongelowige moeilik om te begryp dat Christus se lyding geheel en al anders is as die verskriklike lyding wat mense in hierdie wêreld ondervind.

Wanneer die vraagsteller uitvra oor die lyding van Christus hoor 'n mens in sy argument dat hy ook soos ander mense dink dat Christus net in daardie nag voor sy kruisiging en uiteindelik aan die kruis gely het. Aangesien Jesus Christus volkome heilig en sonder sonde was van die eerste oomblik van sy vernedering af, kom daar 'n dieper dimensie by 'n mens se verstaan van sy lyding.

As klein babatjie het Christus al gely. Hy wat die Koning van die konings is word in armoede gebore. Sy eerste lewensdae het hy nie eers in 'n huis deurgebring nie, maar in 'n krip waaruit diere gevoer word. Toe Hy nog maar 'n jong Kindjie was, was Hy al 'n vlugteling voor die wreedheid van Herodes. Sy ouers moes met Hom na Egipte vlug omdat Herodes al die seuntjies van twee jaar en jonger in Betlehem doodgemaak het. Alhoewel Jesus uit die koninklike geslag van Dawid gebore is, word Hy nie geëer as 'n prins nie. Hy word groot in die dorpie Nasaret wat deur die Jode verag is. In hulle oë kon daar niks goeds uit Nasaret kom nie (Joh 1:46). Selfs na sy hemelvaart het die Jode veragtelik na Hom verwys as Jesus die Nasarener.

Die veragting wat Jesus gely van die Jode se kant af was nog meer direk in sy gesig. Die mense wat die brood en vis uit sy hand ontvang het om versadig te word van hongerspyne, verafsku Jesus wanneer Hy aan hulle verkondig dat Hy self die eintlike brood uit die hemel is wat sy Vader vir hulle gee. Keer en op keer het Jesus nie net die openlike veragting van die Jode gely nie, maar veral ook omdat Hy die hart en gedagtes van die Skrifgeleerdes en Fariseërs kon deurgrond het. Hoevele kere het dit Hom gepynig om te weet met watter haat en afsku die Fariseërs Hom beskou sonder dat Fariseërs reguit gesê het dat hulle Hom haat.

Gaandeweg, soos wat Jesus nog duideliker gemaak het waarom sy Vader Hom na hierdie wêreld gestuur het, het die mense nog minder geword wat Hom gevolg het. Daardie duisende wat deur Hom gevoed is, het van Hom weggegaan toe hulle hoor dat Hy die brood uit die hemel is. Die duisende wat Hom lofliedere toegesing het toe Hy op Palmsondag Jerusalem binnegery het, het ook hulle rug op Hom gedraai toe Pilatus gevra het wat hy met Hom moet doen. Soos in 'n koor het hulle geskree dat Hy gekruisig moet word. Sy dissipels het Hom in sy verhoor verlaat. Judas het Hom verraai en Petrus het Hom verloën. Sy lewe lank het Hy in die dampkring van die gif van die sonde gewandel. Mense raak afgestomp van die sonde, want hulle is in hulle wese sondaars. Christus kon nie afgestomp raak van die sonde nie, want Hy is en bly die heilige Seun van God.

Dit is veral aan die einde van sy lewe wat die lyding intens toegeneem het. Afgesien van die haat wat uit die oë van die Joodse Raad geblits het en die onreg wat Pilatus gepleeg het, was dit die lyding wat Christus onder sy Vader gely het wat Hom na sy mensheid verbrysel het. Dat mense nog hulle rug op Hom gedraai het, het Hy verwag want dwarsdeur sy lewe het dit gebeur. Maar uiteindelik het sy Vader ook sy aangesig vir sy Seun verberg. Op Golgota het dit nagdonker geword en die Vader het al sy liefde, genade en sorg van sy Seun onttrek.

Dit was dus nie maar net 'n lyding wat met die oë gesien kon word wat Christus ondervind het nie. Soos 'n gewone misdadiger is Hy deur die soldate behandel. Hy word gegryp en gemarsjeer om verhoor te word. Hy is deur die gesig geslaan soos iemand vir wie daar niks omgee word nie. Asof Hy net nog iemand is wat tereggestel moet word, het die soldate Hom gespot om die dag vir hulleself bietjie prettig te maak. Hy is geslaan met 'n gesel sodat sy rug aan flarde was en sy liggaamlike kragte byna ingegee het. Afgesien van die doringkroon op sy kop het die soldate die een spyker na die ander deur vel, senuwee, sening en been met elke hamerslag ingedryf. Onuitspreeklike pyn het Hom geknel.

Maar hoe erg dit ook was, die ergste lyding het Hy in sy heilige en onbesmette siel gely – sy Vader het Hom verlaat!

Dit is op hierdie punt dat die gelowige dan aan sy vraagsteller uitwys wat Christus in werklikheid gely het – of nog beter gesê, waaronder Hy gely het. Christus het onder die toorn van God teen die sonde van hele menslike geslag gely. Jesaja profeteer dat Hy ter wille van ons oortredinge deurboor is en ter wille van ons ongeregthede verbrysel is. Dit is die straf wat regverdig op die sondaar moes kom, maar Christus het die straf op Hom geneem.

Die oorsaak van die verskriklike lyding wat Christus gely het, was nie maar net die haat en veragting van die Joodse volk en hulle leiers nie. Die sondes van mense is die oorsaak van sy lyding. Dit is mense se sondes wat veroorsaak het dat Christus aan die kruis vasgespyker is. Watter mense?

Wanneer ons Jesaja 53 aandagtig lees, is daar een woordjie wat ons aandag nie mag ontglip nie. Dit is die woordjie *ons*. In Jesaja 53 verkondig die profeet die evangelie in sy rykdom en diepte. Hierdie lydende Kneg van die Here is niemand anders nie as Jesus Christus. Jesaja verkondig die oorsaak van Kneg se smarte: Ons!

**Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregthede is Hy verbrysel. (Jesaja 53:5 AFR53)**

Die profeet staan en verontskuldig homself nie. Hy staan en beskuldig ook nie al die mense rondom hom nie. Met sy een hand op sy eie bors staan hy en druk sy ander hand op elkeen van ons se bors terwyl hy sê: Dit is oor die sondes wat ons gepleeg het, dit is oor ons ongehoorsaamheid aan God wat Christus so verskriklik gely het sy lewe lank maar veral aan die einde. Toe Hy ons swakheid, ellende en ongeregthede op Hom geneem – onthou Hy het geen ellende van sy eie nie en Hy het nog minder skuld van sy eie – Hy is heilig en volkome sondeloos. Toe Hy ons skuld op Hom geneem het, het Hy die teiken geword van God se toorn. Die toorn van God kon net gestil word wanneer die ewige en regverdige straf op die liggaam en siel van die Middelaar afkom.

Net een oortreding van 'n mens verdien om met die ewige en regverdige straf aan liggaam en siel gestraf te word. Christus het die gewig van God se volle toorn oor die sondes van die hele menslike geslag gedra.

Op hierdie punt onderbreek die vraagsteller die gelowige en vra: Beteken dit dat Christus vir die sondes van alle mense gely het? En as Hy dan vir al die sondes van al die mense gely het, beteken dit dat alle mense dan deur Christus salig word? Met so 'n vraag wil die vraagsteller sy eie onderwerping in die geloof aan Christus sistap.

Daarom moet die gelowige sy vraagsteller weer aan die gesprek by Sondag 7 herinner. Slegs die mense wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf word en aan al sy weldade deel het, word deur Christus salig. 'n Mens moet dus werklik in Christus glo en vertrou dat Hy jou Verlosser is. Dan word die lyding van Christus deur die geloof ook effektief vir jou. En om in Christus te glo, beteken dat 'n mens jou eie sonde en skuld voor die Here bely en by die Here om vergifnis smeek op grond van Christus se lyding.

Christus het die volle gewig van God se toorn oor die sondes gedra, daarom sal elkeen wat Hom tot Christus bekeer en die Naam van die Here gelowig aanroep gered word. Hy hoef nie self nog iets te doen nie behalwe om te glo. Maar solank as wat 'n mens hom nie bekeer nie, bly die toorn van God op hom en kan hy nog nie daarop roem dat Christus hom ook gered het nie.

Nou bly nog oor dat die gelowige moet vertel wat Christus se lyding dan vir die bekeerdes meebring. Wat is die gevolg van Christus se lyding vir die mense wat in Hom glo. Daar is enersyds 'n negatiewe gevolg en andersyds 'n positiewe gevolg. Eers die negatiewe gevolg: Christus het gely **sodat Hy die gelowiges se liggaam en siel van die ewige verdoemenis kon verlos**. Omdat Christus in die plek van gelowiges gely het, gryp die

Heilige Gees daardie verlose mens weg van die poorte van die hel af. Hy keer daardie mens se lewe geheel en al om wanneer Hy die wedergeboorte aan hom skenk.

Die positiewe gevolg is: Christus het gely **sodat Hy vir die gelowiges die genade van God, die geregtigheid en die ewige lewe kon verwerf**. Nadat Christus die volle lyding onder die toorn van God gedra het en uitgeroep het: **Dit is volbring!** het God sy Seun ook uit die dood opgewek, want nou is God tevrede dat die straf volledig deur sy Seun, die Middelaar, gedra is. Die poorte van die hemel is met die gehoorsaamheid en geregtigheid vir die gelowiges oopgesluit. Daarom lei die Heilige Gees elke ware gelowige langs die weg van daaglikse bekering om hoe langer hoe meer die ewige lewe te geniet onder die vriendelike aangesig van God.

Broers, susters en kinders, mag die Heilige Gees ons Sondag na Sondag herinner wat die woordjie *gely* regtig behels wanneer ons bely dat Christus gely het. Mag elkeen wat deur die geloof gebaat het uit die lyding van Christus, sy lewe nou en elke dag hierna so leef dat God daardeur verheerlik word en ander mense kan sien dat hy deel het aan die geregtigheid van Christus – en loop gehoorsaam aan die Vader agter Jesus aan.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 5-2:8, 9 (Sb 7)

- 8    Het eers sy offerbloed gevloei, / dan sal vir Hom 'n nakroos bloei,  
      en eeu-omvattend bring sy hand / Gods werk voorspoediglik tot stand.  
      Hy sal, vir al sy sielsverdriet, / sy werk aanskou en vol geniet,  
      en deur sy suiwer kennislig / regverdig maak en vryheid stig.
- 9    Dan kom 'n leërskaar hierna / vir wie Hy al die skuld wou dra;  
      en aan Hom word mét grotes mee, / mét magtiges 'n deel gegee,  
      omdat sy siel in lydensnood / vol uitgestort is in die dood,  
      en Hy, deur smaadheid diep gekwel, / by die oortreders is gestel.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
14 Mei 2017